-Radio-uitsending (Opgeneem 9/1/58) Leidraad vir Soeklig-program H. B.

191. Ra. 1(13)

I.s. GROOTVADERKLOK

Vr.: Onlangs het ek 'n berig in die koerant gesien omtrent 'n besonder seldsame grootvaderklok wat in u besit is. Kan u ons iets meer daarvan vertel? Waarin is die besondere waarde of seldsaamheid van die horlosie geleë?

Antw.: Ja, die koerantmense het met my daaroor kom gesels, en toe 'n lang stuk daaroor geskrywe.

Daar is natuurlik baie grootvaderhorlosies wat vandag nog bestaan, maar die groot waarde van hierdie een is daarin geleë dat dit, so ver ons weet, die enigste een is wat vandag nog bestaan en wat werklik aan die Kaap gemaak is. Die ander dergelike horlosies is óf van Holland óf van Engeland ingevoer. Hierdie een is egter aan die Kaap gemaak, die houtwerk en ook die radwerk. Die swaar wyserplaat, met al die fyn figuurtjies daarop, is aan die Kaap uit soliede silwer gegiet. Op die wyserplaat staan die naam en woonplek van die maker van die klok: Johan Michael Junck, Cabo de Goede Hoop.

Vr.: Weet u wanneer Junck aan die Kaap was, en wanneer ongeveer hy die horlosie gemaak het?

Antw.: In die Kaapse Argief het ek gegewens oor Johann Michael Junck gaan soek, en ook heelwat gevind. Ek het bv. sy versoekskrif gevind, waarin hy die Goewerneur, Ryk Tulbagh, gevra het om uit die Kompanjie se diens ontslaan te word en hom as vryburger te vestig, en ek het ook die testament gevind wat Junck en sy vrou saam gemaak het. Op albei hierdie stukke kom sy eie handtekening voor. Uit hierdie, en ander, dokumente blyk dat hy in 1765 na die Kaap gekom het, dat hy in 1768 vryburger geword het, en dat hy in 1771 oorlede is. Hy moes die horlosie tussen 1768 en 1771 vervaardig het.

<u>Vr</u>.: Hoe het u in besit daarvan gekom?

<u>Antw</u>.: Na die dood van Junck het die horlosie sy weg terug gevind na Holland. Daar het, jare later, dr. Van Broekhuizen dit raakgeloop. Hy het dadelik die waarde daarvan besef en dit gekoop. Toe dr. Van Broekhuizen na Suid-Afrika terugkeer, het hy dit hierheen saamgebring. Na sy dood het ek dit weer uit sy nalatenskap aangekoop. Ek ag my gelukkig dat ek die ou klok weer ná al die omswerwinge wat dit meegemaak het, na die Boland kon terugbring waar dit oorspronklik vandaan gekom het. Hier in my kantoor by die Universiteit, waar dit 10 voet hoog staan, hou dit vir my voortdurend geselskap, en hier maak dit vir my 'n ware sieraad van blywende waarde uit.

<u>Vr</u>.: Sou u kon sê watter geldwaarde die horlosie vandag sal hê?

<u>Antw</u>.: Dit is baie moeilik om te sê, want so 'n oudheid se waarde kan nie bra in geld uitgedruk word nie. Ek kan egter sê dat ek alreeds 'n aanbod van £1,000 daarvoor gehad het.

<u>Vr</u>.: U wou nie verkoop nie?

<u>Antw</u>.: Nee, ek het daar nie aan gedink nie. Want geld kan jy vervang, maar so 'n egte geskiedkundige oudheid kan jy nooit vervang nie.

****